
Karamel hou Flori van buiteaf dop. "Wat gaan aan met Flori?" vra sy bekommerd.

"Ek weet nie," sê Tjoppie. Hy vat nog 'n hap van sy kos en praat verder terwyl hy die kos afslurp en sy lippe raserig aflek. "Dalk slaap sy nog."



"Ek dink nie sy slaap nie," sê Smiley. "Hoor hoe praat sy met haarself. Dalk is sy siek."

"Sy lyk nie vir my siek nie," sê Karamel. "En sy praat nie sommer net nie. Luister mooi. Sy is besig om te tel."



"... sewe... agt... nege... tien... een... twee... drie..."

"Jy is reg!" sê Smiley na 'n rukkie. "Sy tel oor en oor tot by tien. Ek wonder hoekom."



Karamel gaan nader. "Flori, is jy oukei?" vra sy.

Flori ruk haar kop onder haar vlerk uit. Daar is 'n frons tussen haar oë.

**"Lyk ek vir jou oukei?"**

vra sy kwaai.